



God het Sy Seun Gestuur

In ons laaste les het ons geleer hoe God vir mense aangesê het om 'n boek te skryf. Dis die Bybel. God het vir ons die Bybel gegee, sodat ons van Hom kan *leer* en Hom kan leer *ken*. God *praat* met ons deur middel van die Bybel. Dis 'n wonderlike boek!

Maar God wou graag hê dat ons Hom nog beter sal ken. Hy wou hê dat ons Hom nie net moet ken as die God wat ons *geskape* het nie, maar ook as die hemelse Vader wat ons *liefhet*. Hy het Jesus, sy Seun, na die aarde gestuur. Jesus het vir ons alles van God kom *vertel*, en ook vir ons gewys hoe God is.

Jesus het na God se spesiale volk, die Israeliete, toe gekom. Hulle is baie keer Jode genoem. Hy het regdeur hulle land gestap. Hy het die mense van God en van sy groot Koninkryk vertel. Hy het hulle vertel dat God ons liefhet. Oral waar Jesus gegaan het, het Hy *goeie* dinge gedoen. Hy het die siekes gesond gemaak en Hy het die blindes laat sien. Hy het kos gegee vir die wat honger is en Hy was 'n vriend vir hulle wat spyt was oor hulle sondes.

Eendag, toe Jesus met sy dissipels oor sy Vader in die hemel praat, het Filippus vir Hom gesê, "Here, wys vir ons die Vader."

Jesus sê toe, "Ek was lank saam met julle, julle ken *My* mos? As julle *My* gesien het, het julle die *Vader* gesien!"

Wat het Jesus bedoel?

Hy het bedoel om vir Filippus en vir jou en my te vertel dat God ons Hemelse Vader is - *net* soos *Jesus* Sy Seun is!

Nou weet ons dat *Jesus* baie goed en liefdevol was. Hy het ook groot en wonderlike dinge gedoen: siekes gesond gemaak, blindes laat sien, en partykeer selfs die dooies weer lewendig gemaak! Toe *Jesus* sulke dinge gedoen het, het Hy eintlik vir ons gewys hoe goed en vriendelik, hoe groot en wonderlik God die *Vader* is.

Hierdie verhale oor *Jesus* is in die Bybel opgeskryf, in die deel wat ons die Nuwe Testament noem. Daarom is die beste manier om van God te leer nog steeds om die *Bybel* te lees. Ons leer van Hom deur te *sien* wat Hy *gemaak* het: die hemel en die aarde en alles wat bo in die lug en onder op die aarde is. Maar die *beste* manier om van God te leer, is om sy *Boek*, die Bybel te lees. Die Bybel vertel vir ons wat Hy baie lank gelede vir mense gesê het. Maar dit vertel ook van al die wonderlike dinge wat *Jesus* gedoen het, veral hoe Hy vir ons gesterf het.

As ons dink hoe baie *Jesus* vir ons liefgehad het, moet ons onthou dat God die Vader, bo in die hemel, ons *net so baie* liefhet. Daarvan kan ons baie *seker* wees, omdat *Jesus* gesê het:

"Ek en die Vader is een."

(Joh 10:30)

Gesels hieroor:

1. Hoe het *Jesus* vir ons gewys dat God groot en goed is?
2. Hoe het Hy vir ons gewys dat God die siekes jammer gekry het?
3. Hoe het Hy vir ons gewys dat God sondaars liefhet?

Wat ons kan lees:

*Ons is so bly dat *Jesus* vir ons gewys het hoe groot en goed God, die Vader is.*

Ons kan sing van sy liefdevolle sorg:

Wat 'n liefdevolle Vader
is God, die Here, vir sy volk
Nêrens op die hele aarde
is 'n vader net soos Hy.

Hy sorg goed vir al sy kinders,
ja, elkeen is vir Hom gelyk.
Soos ons in die lewe aanstap,
sorg Hy vir jou en my.

Heer, hoe wonderlik U liefde.
U Seun het U vir ons gestuur,
deur sy dood bring Hy ons LEWE
wat ewig lank mag duur.

Sal ons vir God dankie sê dat Hy sy Liefde vir ons in Jesus gewys het?

Gebed:

Liewe Vader in die hemel, ons sê dankie dat U Jesus vir ons gestuur het. Hy is goed en vol liefde. Hy het ons kom wys hoe goed U vir ons is. Help ons om U beter te leer ken, deur Jesus Christus, U Seun. Amen.

Deel 1: Bybelverse om te onthou

Het jy hierdie Bybelverse al geleer? Hierdie 6 verse het ons sover aangehaal.

1. Nader tot God, en Hy sal tot julle nader (Jak 4:8).
2. Jy kan My aangesig nie sien nie, want geen mens kan My sien en bly lewe nie (Eks 33:20).
3. Die hemele vertel die eer van God (Ps 19:2).
4. Spreek, want u kneg hoor (1 Sam 3:9).
5. Ek het u woord in my hart gebêre, dat ek teen U nie sal sondig nie (Ps 119:11).
6. Ek en die Vader is een (Joh 10:30).

Marian Schoolland

© 2018
www.christelikedia.org

*Hierdie hoofstuk uit 'Leading Little Ones to God'
is deur Marianne Bron vertaal.*